**SA JAGTERS – SANSSU – SATRA VRIENDSKAPLIKE VERKENNINGSKOMPETISIE**

1. **Inleiding**

ʼn Vriendskaplike kompetisie aangebied deur SA Jagters, SANSSU en SATRA dien as ʼn oorbruggingskietbyeenkoms tussen hierdie drie organisasies om skuts bloot te stel aan ander skietorganisasies of -verenigings. Dit verbreed skuts se blootstelling aan sportskiet en dien as aansporing om deelname aan hierdie sport voort te sit en te geniet wanneer hulle skooljare verby is.

2. **Kompetisiereëlings**

2.1 **Datum**: 15 Junie 2024

2.2 **Plek:** Eeufees-skietbaan, Voortrekkerhoogte Pretoria

2.3 **Tyd:** 08:30 – Opening en ordereëlings
09:15 – Eerste aflos begin

2.4 **Tipe kompetisie (randslag- en drukluggewere)**

2.4.1 22.5m drie-posisie skiet
2.4.2 3 x teikens (10 diagramme per teiken)
2.4.3 10 x telskote per posisie
2.4.4 30 rondtes of koeëltjies vir telskote en onbeperkte rondtes of koeëltjies vir proefskote

2.5 Verversings sal te koop wees.

3. **Inskrywingsfooie**

3.1 Randslag: R50 per skut per aflossing. Ammunisie word voorsien vir gebruik op die baan.
3.2 Druklug: R30 per skut per aflossing met eie koeëltjies. Koeëltjies sal ook op die dag te koop wees.
3.3 Vir vooraf inskrywings hier

**Bring die volgende saam:**

- Eie gewere- beperkte aantal gewere sal beskikbaar wees om te leen
- Eie toerusting bv.: skietmat, knierol, skiethandskoen, spotting scope, geweerstaander
- Maskeerband om teikens op te plak
- Eie druklugsilinder

4. **Ouderdomsgroepe**

4.1 Die volgende ouderdomsgroepe sal geld: O.9, O.13, O.16, O.18, O.25 en senior.
Om byvoorbeeld te kwalifiseer as O.18 moet die skut op 31 Desember 2024 18 jaar oud wees.
4.2 Skuts moet hulle identiteitsdokumente of geboortesertifikate wys om ouderdom te bevestig.

5. **Gewere en Kalibers**

5.1 **Drukluggeweer**

5.1.1 Lugdrukgewere van 4.5 tot 5.56mm kaliber word toegelaat.
5.1.2 Skuts moet hul eie lugdruksilinders bring wat voldoen aan hulle organisasie se veiligheidsregulasies.

5.2 **Randslaggeweer**

Enige tipe aksie .22 LR kaliber randslaggeweer word toegelaat.

5.3 **Randslagammunisie**

Net .22 lank of .22 kort randslagammunisie tot ’n maksimum 1100 vps word toegelaat.

6. **Visiere en teleskope**

Die volgende visiertipes word toegelaat:

6.1 Gaatjiesvisier, oop visier en teleskoop.
6.2 ’n Laservisier wat ’n straal op die teiken projekteer word nie toegelaat nie.

7. **Ander toerusting toegelaat**
7.1 Lê- of knielmat
7.2 Knielrol
7.3 Geweerband en handstop in lê- en knielposisie
7.4 Ondersteuningshandskoen
7.5 “Spotting” teleskoop
7.6 Geweerstaander om geweer op te rus tussen skote

8. **Skietprosedure**

8.1 Tydsverloop: 45 minute
8.2 Afstand: 22.5 meter.

9. **Skietkompetisie**

9.1 Vyf min voorbereidingstyd
9.2 Vuur 10 skote vanuit die lêposisie met vrye ondersteuning op kaart 1.
9.3 Vuur 10 skote vanuit die sit- of knielposisie met slegs geweerbande as ondersteuning op kaart 2.
9.4 Vuur 10 skote vanuit die vryhandstaanposisie sonder addisionele ondersteuning op kaart 3.

10. **Tellingberekening**
Slegs skote op die teldiagramme op kaarte 1, 2 en 3 word getel.
Maksimum van 300 punte in totaal: 30 teldiagramme x 1 skoot x 10 punte = 300 punte.

11. **Teikens**
Kadetkaarte, 50mm diameter diagram, 10 teldiagramme per kaart.

12. **Medaljes en Pryse**

’n Kort prysuitdeling word na afloop van die skiet gehou.

Rig navrae aan **Boetie Kirchner** of by 082770-9378.